Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God. Ons vra ons skriba, Nico Els, om nog een van die sewe kerse dood te blaas. Dit is simbolies van die vyfde van sewe Lydensweke. Hierdie Lydensweke sal uitloop op die kruisiging van Jesus Christus ~ Goeie Vrydag, 29 Maart 2024.

TOETREDE:

Ons sit ons toetrede met ‘n gebed voort. Ons sing die gebed, Gesang 281: 1-3. Ons word diep stil en word bewus van God se teenwoordigheid ~ Lei ons. Here, groot en magtig. U, die God wat ons behoed. U, die God wat ons bewaar.

VOTUM:

Wat is ons gevolgtrekking oor alles wat tot nou toe ges is? Net dit: As God openlik kant gekies het vir ons, wie kan ooit teen ons wees? (Romeine 8: 31, 2022).

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

SEËN:

Liewe gemeente; Julle is God se geliefde kinders. Hy het julle geroep om aan Hom te behoort. Genade en vrede word aan julle geskenk deur God ons Hemelse Vader en die Here, Jesus Christus (Romeine 1: 7, 2022).

SANG:

Groete, God, aan U die eer! Heerlik is waar U regeer; hemels is u majesteit; heilig U geregtigheid ~ Gesang 190: 1-3.

GEBED:

PREEK:

Ek wil vandag begin om met u saam te dink oor dissipelskap, eintlik wil ek vandag met dissipelskap in gedagte met u saampraat oor roeping. As u die woordjie roeping hoor, waaraan dink u op die oomblik? (Ek gee vir ons ‘n tydjie om na te dink oor roeping)

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

Dissipels van die Here word deur Jesus geroep, geleer, gewys, geoefen, gestuur en om in gehoorsaam aan God te leef. Dit is ‘n mond vol!

Ek dink ons moet vandag net eers gesels oor die realiteit dat dissipels van God, word deur God geroep. Ons word altyd eers na God toe geroep en dan na ander toe uitgestuur. Reflekteer vir ‘n oomblik op hierdie gedagte: God het my na Hom toe geroep. Dit is genade. Die Almagtige God, Skepper van hemel en aarde, het my nietige en sondige mens na Hom toe geroep.

Wat is my en jou antwoord? Ja Here, ek kom! ... of ... wag Here, ek stoei net gou eers met myself, die een of ander saak, mens of ding. Miskien is ons wêreld by ‘n kruispad. Ek glo ons wêreld, ons land, ons kerk is by ‘n kruispad. Is ons in hierdie kruispad, op hierdie oomblik, onvoorwaardelik bereid om te antwoord op God se roepstem ... Ja Here, ek kom dadelik (onvoorwaardelik)!

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

As ons ... Ja, Here ... antwoord. Moet ons streef na ‘n sterk en gesonde verhouding met God. ‘n Verhouding wat gedryf word deur die vergifnis van ons sonde in Jesus Christus.

Deur die Bybel roep God sondaar mense om diensbaar in Sy koninkryk te wees. Hy roep vir Adam, Rut, Sameul, Nebukadneser, Daniël, Dawid, die Herders op die ope velde ... en elke ander naam in die Bybel.

Kom ons blaai, in ons Bybels, nou na Matteus 9: 9-13. Ons lees uit die 1983/1992 vertaling. Hier roep Jesus een van sy dissipels (Matteus).

SKRIFLESING: Matteus 9: 9-13

9 Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man
met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom
gesê: “Volg My!”
Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.
10 Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars
en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

---

[11]Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: “Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?”
[12]Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. [13]Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

PREEK:

Ons sien in hierdie teks weer dat dit Jesus (God) is wat roep. Jesus roep Matteus om “Hom te volg”. Roeping is nie net iets wat ‘n mens moet gaan doen nie, dit is jou menswees ~ wie en wat jy is! Volgelinge (dissipels) van Jesus is soos Jesus ... dit bepaal al jou verhoudings, dit bepaal alles wat jy dink, sê en doen, dit bepaal die menswees wat jy is.

Reflekteer in terme hiervan jou eie roeping.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

In hierdie teks roep Jesus Matteus om Hom te volg. In die Markus evangelie leer ons Matteus ken as Levi die seun van Alfeus ~ Levi ben Alfeus. LEVI is die naam vir vier persone in die Bybel, van wie een in die Ou Testament en drie in die Nuwe Testament vermeld word. Die naam Matteus beteken in Hebreeus: Geskenk van God. Daar word algemeen aanvaar dat hierdie Levi / Matteus die skrywer van die Matteus evangelie is. Dié persoon wat Jesus geroep het om een van sy twaalf dissipels te word. Dié mense deur wie Jesus die hele evangelie die wêreld ingestuur het.

Jesus gaan besoek hom by die tolhuis. ‘n Bose en onheilige plek. Wat maak Jesus daar? Tollenaars was bekende figure in die Bybelse tyd. Hulle was Jode wat vir die heidense Romeinse regering belastings ingesamel het. Hierdie belastings is by tolhekke, op goedere en persoonlik gehef. Die gebruik was dat die heidense regering vir so ‘n Jood ‘n vaste bedrag per jaar vir insameling gestel het. Alles wat hierdie persoon meer sou insamel is dan sy eie wins gewees. Ryk mense met

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

spoggerige huise, baie partytjies en te doen wat hulle begeer.

Kyk wie kies Jesus om hom te volg, nie iemand uit die leierskap van die sinagoge of tempel nie. ‘n Tollenaar! Die godsdienstige leiers van daardie tyd het hulle koppe in ongeloof geskut. Hulle sou nie na die tolhuis gegaan het nie, dit sou hulle onrein maak.

Meer nog ... Jesus het by hierdie man se huis gaan eet. Saam eet was ‘n baie intieme handeling van daardie tyd. Jy sou net eet saam met mense van jou klas en status. Jesus gaan eet met sondaars en hulle vriende (nog sondaars).

Dit sê baie van Jesus (en dit troos my). Jesus is bereid om na elke mens af te buig. Jesus is bereid om alle mense ‘n kans te gee. Jesus sien die potensiaal in elkeen raak. Ook in jou en my! Hier slaan Jesus ons verskonings vir ‘n ses ... ek is nie goed genoeg nie. Hoeveel keer het

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

ek as dominee ook nie hierdie flou verskoning aangehoor nie?

As Jesus jou roep ... is jy goed genoeg! Hy sal jou leer, onderrig en toerus. Ons sal later meer hieroor praat. Selfs die gehate en veragte en onrein hooftollenaar word deur Jesus geroep. Volg my en ons weet dat Matteus Jesus tot die dood toe gevolg het. Hy was ’n belastinggaarder wat ’n evangelis geword het. Hy was ’n martelaar in Etiopië en is uiteindelik met die swaard gedood.

Matteus volg Jesus dadelik en onvoorwaardelik. Dit is die enigste manier. In Matteus 4: 18-20 roep Jesus vir Simon Petrus en sy broer Andreas. Ons lees: *Hulle was besig om ‘n werpnet in die see uit te gooi ...* Jesus roep hulle: Kom hier! ... *Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.*

Dit is die enigste manier om Jesus te volg ... onvoorwaardelik. Reflekteer en dink bietjie hieroor na.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

Die enigste manier om God te volg is dadelik en onvoorwaardelik.

Matteus moes ‘n bekering ondergaan. Hy moes die ou dinge agterlaat. Ook al die lekker en baie geld. Wat is ek bereid om vir my roeping van God agter te laat of is dit ‘n geval van ek sal die Here volg al beteken dit ek moet dinge agterlaat ... afsweer ... los. Al beteken dit ek moet weer tot bekering kom. Bekering is ‘n radikale breek en agterlaat vir dinge wat eens vir my baie belangrik was.

Dit beteken egter nie dat ons almal sendingvelde in Indië of waar ook al moet gaan nie. Dalk beteken dit ek moet my trots sluk en verskoning vra. Miskien beteken dit ek moet my trots sluk en eerste toenadering soek. Miskien beteken dit ek moet nee sê vir iets lekker om iets ongemaklik vir God te doen.

Jesus skaar hom met die siekes, die sondaars, want hulle het ‘n dokter nodig. Hy wil ons almal gesond maak: fisies, emosioneel, psigies en geestelik. Dit is nou nie dat daar

gesonde mense is, mense sonder sonde en foute nie. Daar is ongelukkig mense wat dink hulle is volmaak, mense wat nie besef hulle het Jesus nodig om hulle te red van die ewige gevolge van sonde nie.

Ek wil ten slotte by hierdie opmerking van Jesus stilstaan: *Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie*. Dit kan ons verlei om te dink dat Jesus sê ons moet nie meer offers gee nie, maar ons moet net barmhartig wees.

In Matteus 23: 23 kry ons nogal lig op hierdie stelling. Hier vat Jesus die Fariseërs aan. Hulle het ‘n tiende van alles wat hulle het as offers gegee en daarmee het hulle gedink hulle is nou klaar (super gelowiges). Hulle het vergeet om ook barmhartig te leef. Die offer staan dus nie bo oor die barmhartigheid nie, maar my offer moet die barmhartigheid dien en my barmhartigheid moet my offer ondersteun. Ons moet dus ons offers aanvul met ‘n barmhartige lewe vol opoffering, liefde, nederigheid en vergewingsgesindheid.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

Amen.

GELOOFSGETUIENIS: Die dag toe die dood gesterf het ‘n Mens kan jou net Maria, Jesus se moeder, se smart indink toe sy haar sterwende seun aan die kruis moes aanskou. Hoe het haar vreugde gelyk toe Jesus na sy opstanding uit die dood aan soveel mense verskyn het? Paulus noem dat Jesus aan Sefas verskyn het, toe aan die twaalf, daarna aan meer as vyfhonderd tegelyk, daarna aan Jakobus en heel laaste aan hom, Paulus, die misgeboorte (1 Korintiërs 15: 5-8, 2020).

TEKS: 1 Korintiërs 15: 54b-55, AFR2020
Die dood is verslind in oorwinning. Dood, waar is jou oorwinnings? Dood, waar is jou angel?

SKULDBELYDENIS EN GENADE:
Troue Here van my lewe, God by wie ek vrede vind; Vader wat my skuld vergewe, dankbaar leef ek as u kind ~ Gesang 241: 1-3.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; 1 Korintiërs 15: 5-8, 2020; Gesang 384.
Fokus teks: Matteus 9: 9-13, 1983.
Liedere: Gesang 281: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 241: 1-3; VONKK 38: 1-3; Gesang 314.

WEGSENDING (Seëngroet):

Jesus, o dink aan my wanneer U, Heer, in u ryk kom. Jesus, o dink aan my wanneer U, Heer, in u ryk kom (Gesang 384).

Amen (Gesang 314).